

**Woensdag 11 Mei**

**Skrifgedeelte: Esegïel 36:16-38**

**Fokusgedeelte: Esegïel 36:26, 27 (AFR83/AFR20)**

**Die Here gee die Heilige Gees en maak sy kinders bereidwillig om sy voorskrifte na te kom**

As jy op moedverloor se vlakke sit en voel asof jy alles van waarde verloor het, is 'n nuwe begin dalk jou enigste uitweg. Op die pad van herstel moet jy jou kompas noukeurig in die regte rigting instel, want net dan kan jy verstaan hoe God besig is om herstel vir jou moontlik te maak.

Israel was in ballingskap weggevat uit hulle land uit. Maar God het hulle nie vergeet nie. Hy bevestig in hierdie Skrifgedeelte sy verbintenis met hulle deur 'n Nuwe Verbond met sy volk te sluit. Hy sal hulle skoonwas van hulle sonde. En dan gee Hy vir hulle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees, 'n nuwe wil en 'n nuwe gesindheid.

Die nuwe wil en ingesteldheid wat sy volk in hulle voel opbruis, word moontlik gemaak deur die Heilige Gees wat in hulle woon. Die Heilige Gees sorg dat hulle die bepalings en voorskrifte van die Here uitvoer. Waar gehoorsaamheid voorheen van buite deur wette op almal afgedwing was, gaan hulle nou van binne oortuig word, en die volk sal God wil gehoorsaam wees en bly wees om volgens sy voorskrifte te lewe!

God die Heilige Gees werk in jou binneste die verandering sodat jy nie meer vaskyk teen die dinge wat buite net ellende vir jou veroorsaak nie. Glo in die waarde wat dit het dat die Heilige Gees by jou is en jou in staat stel om God met oortuiging te dien en lief te hê. Dit gee jou moed en voeg waarde toe aan jou lewe.

*Sing: Psalm 138-1:1, 4*

*Dr. J Lion-Cachet (Jan) (Klerksdorp)*